SÊ JOU SÊ

VOORGESTELDE PERMANENTE VOLLEDIGE EN GEDEELTELIKE PADSLUITINGS

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 4 van die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, dat die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit die permanente volledige of gedeeltelike sluiting van sekere paaie vir voertuigverkeer in die Claremontomgewing beoog.

Inwoners word daaraan herinner dat die Stad die konsepontwerp vir hoofroetes en stasieliggings vir fase 2A voorheen goedgekeur het. Dit sal veilige, vinnige en direkte MyCiTi-dienste van gehalte voorsien en Khayelitsha en Mitchells Plain met Wynberg en Claremont verbind.

As deel van die fase vir gedetailleerde ontwerp wat nou aan die gang is, is sekere paaie geïdentifiseer wat gedeeltelik of volledig vir voertuigverkeer gesluit sal word om waar moontlik vir stasies, verbeterings aan kruisings, opgradering van stap- en fietsryfasiliteite, en doelspesifieke bane vir openbare vervoer voorsiening te maak, en om veiligheid vir alle padgebruikers te verbeter.

Paaie geraak	Sluiting	Impak	Alternatiewe toegang	Verwysings-nommer
Kruising van Imam Haronweg en Rosevilleweg	Gedeeltelik	Geen direkte toegang na Imam Haronweg weens die nabyheid tot die kruising met nuwe verkeerseine by Stanhopeweg.	Toegang via die kruising met nuwe verkeerseine by Ravensworthweg.	W1001/2022
Kruising van Imam Haronweg en Oakfieldweg	Gedeeltelik	Geen direkte toegang na Imam Haronweg weens die nabyheid tot die kruising met nuwe verkeerseine by Stanhopeweg.	Toegang via die kruising met nuwe verkeerseine by Ravensworthweg.	W1002/2022
Kruising van Imam Haronweg en Wadeweg	Eiland	Slegs links draai. Regs draai nie toegelaat vanuit of tot in Wadeweg weens die middelste busbaan.	Toegang vir regs draai by die kruising met nuwe verkeerseine by Ravensworthweg of Tweede Laan.	W1003/2022
Kruising van Imam Haronweg en Stanleyweg	Eiland	Slegs links draai. Regs draai nie toegelaat vanuit of tot in Stanleyweg weens die middelste busbaan.	Toegang vir regs draai by die kruising met nuwe verkeerseine by Tweede Laan.	W1004/2022
Kruising van Imam Haronweg en Chichesterweg	Volledig (in 'n westelike rigting)	Voertuigverkeer sal nie verby Columbusweg op Imam Haronweg in 'n westelike rigting kan beweeg nie. Geen toegang na Cookweg vanaf Chichesterweg of van Imam Haronweg in 'n westelike rigting	Toegang na Imam Haronweg via die kruising met nuwe verkeerseine by Markham- en Chichesterweg. Toegang na Cookweg slegs vanaf Imam Haronweg in 'n oostelike rigting.	W1005/2022
Kruising van Imam Haronweg en Columbusweg	Gedeeltelik	Regs draai vanuit Columbusweg in Imam Haronweg nie toegelaat.	Toegang vir regs draai via die kruising met nuwe verkeerseine by Markham- en Chichesterweg.	W1006/2022
Kruising van Chichesterweg en Markhamweg	Eenrigting	Markhamweg tussen Imam Haronweg en Chichsterweg sal 'n eenrigtingpad in die rigting van Chichesterweg word.	Toegang na Imam Haronweg van Franklinweg beskikbaar.	W1007/2022
Kruising van Chichesterweg en Selousweg	Volledige sluiting	Geen direkte toegang tussen Selousweg en Chichesterweg weens die nabyheid tot die kruising van Belvedere- en Chichesterweg met die nuwe verkeerseine.	Toegang beskikbaar via Belvedereweg.	W1008/2022
Kruising van Chichesterweg en Lochweg	Eilandsluiting	Slegs links draai. Regs draai nie toegelaat vanuit of tot in Lochweg weens die middelste busbaan.	Toegang vir regs draai by die kruising van Garfieldweg of Belvedereweg.	W1009/2022
Kruising van Lochweg en Garfieldweg	Gedeeltelike sluiting	Regs draai in Garfieldweg van Lochweg nie toegelaat nie.	Toegang via Doncasterweg.	W1010/2022
Kruising van Imam Haronweg en Eerste Laan	Eilandsluiting	Slegs links draai. Regs draai nie toegelaat vanuit of tot in Eerste Laan weens die middelste busbaan.	Toegang vir regs draai by die kruising met nuwe verkeerseine by Ravensworthweg of Tweede Laan.	W1011/2022
Kruising van Chichesterweg en Franklinweg	Eilandsluiting	Slegs links draai. Regs draai nie toegelaat vanuit of tot in Franklinweg weens die middelste busbaan.	Toegang vir regs draai by die kruising van Markhamweg of Belvedereweg.	W1012/2022

'n Breedvoerige kaart wat al die sluitings aandui is op www.capetown.gov.za/haveyoursay beskikbaar.

Vind meer uit by 'n inligtingsdag vir die publiek:

Datum: Dinsdag 15 November 2022
Plek: Claremont-biblioteeksaal
Tyd: 14:00 – 18:00

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, kan die publiek en belanghebbende partye van 7 November tot 9 Desember 2022 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voorlê.

Eienaars van eiendomme wat aan die betrokke straat of gedeelte daarvan grens, kan hul besware saam met 'n breedvoerige motivering indien. Meld die unieke verwysingsnommer wat ooreenstem met die padsluiting waarteen u beswaar maak.

- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- E-pos: transport.news@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: Subraad 11, Dulcie September-burgersentrum, hoek van Protea- en Klipfonteinweg, Kewtown, Athlone
- Skriftelike voorlegging: Claremont-biblioteek, Wildernessweg 21, Biblioteekplein, Claremont

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Skakel Zandile Mahlasela by 021 400 5501 of stuur 'n epos na zandile.mahlasela@capetown.gov.za.

Vir tegniese navrae stuur 'n e-pos na transport.news@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
CITY MANAGER
CTA150/2022

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.